


'n Model vir Bybelse Dissipelskap



Die begrip van 'Geestelike Ouerskap', soos in 1 Tessalonisense 2 geïllustreer, waar die apostel Paulus homself as 'n 'geestelike ouer' verbeeld. Ons glo dat God ons 'n model gegee het wat die geestelike groei van die gewone gelowige sal versnel.



3

Ons gebruik die gedeelte van die apostel Paulus se 1ste brief aan die gelowiges in Tessalonika as 'n model vir "Geestelike Ouerskap" ("Persoonlike Dissipelskap").

HULLE WAS EENSGESIND EN DOELGERIG

1 Tessalonisense 2:6 Ons het nooit daarna gestreef dat mense ons sou eer nie, of dit nou julle is of ander, al kon ons as apostels van Christus allerhande eise aan julle gestel het.

HULLE HET VIR DIE GELOWIGES OMGEGEE SOOS 'n MA VIR HAAR KINDERS

I Tess. 2:7 & 8 Ons was liefdevol en sag teenoor julle, soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle, dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry.

HULLE HET ROLMODELLE GEWORD VIR DIE NUWE GELOWIGES

*I Tess. 2:9 & 10 Julle onthou immers nog, broers, Hoe ons geswoeg en gesweet het. Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle 'n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie. Julle, en ook God, is **getuie** van hoe **suiwer, reg** en **onberispelik** ons ons gedra het teenoor julle wat glo.*

SOOS 'n VADER, HET HULLE INDIVIDUELE AANDAG EN ONDERRIG GEGEE

*I Tess. 2:11 & 12 Net so weet julle ook hoe ons **elkeen** van julle behandel het: soos 'n **pa** sy kinders het ons elkeen van julle **bemoedig** en **aangespoor** en dit **op die hart gedruk** om tot eer van God te lewe.*

DIE WOORD VAN GOD WAS 'n NOODSAAKLIKE DEEL VAN DISSIPELSKAP

*I Tess. 2:13 Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die oord van God. En dit is ook inderdaad die **woord van God**, soos die **uitwerking daarvan** op julle wat glo, bewys.*

'n Verdere beskrywing van die Voorafgaande Model

Oorsig

Die diagram 'n *Bybelse Model vir Dissipelskap*, toon hoe gebalanseerde Dissipelskap behoort te lyk in die gewone gelowige se geestelike lewe, wat albei Persoonlike Dissipelskap (*Geestelike Ouerskap*) en Gesamentlike Dissipelskap insluit. Die twee soorte dissipelskap word aan die hand van 'n tydlyn geïllustreer.

1

Gemeenskaplike Dissipelskap

Soos reeds gemeld, alhoewel die meeste kerke Gemeenskaplike Dissipelskap ken en toepas (deur die stippellyn in die lewensloop van die gelowige aangedui), sal die meeste kerkleiers saamstem dat daar steeds iets in die geestelike groei van die meeste gelowiges kortkom.

2

Persoonlike Dissipelskap

In baie gevalle is 'Verpersoonlikte Dissipelskap' (Geestelike Ouerskap) die ontbrekende bestanddeel om gesonde geestelike groei teweeg te bring. Elke nuwe gelowige het unieke geestelike behoeftes wat aangespreek moet word. Daar is 'n ewewydige lyn tussen die geestelike ontwikkeling van 'n gelowige en die ontwikkeling van 'n baba. In albei gevalle is die aanvanklike tydperk die vormingstadium van hulle lewens. Gedurende hierdie tyd is die nuwe gelowige ontvanklik vir Bybelse begrippe, wat geestelike groei na volwassenheid en vrugbaarheid versnel. Juis daarom gebruik God geestelike terminologie wat ewewydig loop met die menslike ervaring, soos *wedergeboorte, baba, kinders*, ensovoorts.

Dikwels word gelowiges aan hulle eie genade oorgelaat, met die voor-die-hand-iggende veronderstelling dat om net eenvoudig Bybelse aanbiedings aan te hoor en om in die teenwoordigheid van ander gelowiges te wees, voldoende is. Indien iemand egter voldoende persoonlike aandag aan hulle gegee het toe hulle Christus aanvanklik aangeneem het, sou nuwe Christene meer geestelike groei ervaar het.

Nuwe gelowiges kom dikwels tot korrekte gevolgtrekkings wanneer Bybelse waarhede duidelik in persoonlike formaat aangebied word. Hulle is gewoonlik geestelik honger, en verlang na persoonlike leiding, baie soos 'n nuwe baba. Die nuwe gelowige is normaalweg opgewonde dat hulle sondes vergewe is en dat hulle 'n vaste wete het dat hulle oppad hemel toe is. **Daardie entoesiasme mag egter nie verwar word met geestelike insig nie.**

Nuwe gelowiges het duidelike onderrig nodig om die Heilige Gees se betrokkenheid in hulle lewens te verstaan, asook hoe om na Hom te luister, Hom

te volg en te gehoorsaam. Hulle moet ook begryp hoe om met Hom saam te werk in hulle eie geestelike ontwikkeling.

3

Bybelse Ondersteuning vir Verpersoonlikte Dissipelskap (I Tess. 2:3-13)

In hierdie model vir Persoonlike Dissipelskap, verwys Paulus duidelik na homself as 'n *geestelike ouer (pa en ma)* wat geestelike kinders versorg. Paulus gee 'n Bybelse perspektief van hoe 'n geestelike ouer met elke geestelike kind omgaan (hom dissipel). Die menslike ewewydigheid is met opset en onmiskenbaar.

